

## Verstommende skadubeeld van die ware tabernakel

Heb 9:1-14


28 Augustus 2022

1. Vantevore: Nuwe verbond is op uitnemender beloftes gegrond: (1) God sal wet op harte skryf (2) God sal hulle God wees (3) Almal sal God ken (4) God sal sondes vergewe
2. Ou Testamentiese tabernakel (Heb 9:2-4a)
  - a. Aardse tabernakel is belangrike skadubeeld (Heb 8:5), al word al die detail nie hier beskryf nie (Heb 9:5b)
  - b. Kringe van toenemende heiligheid soos wat mens die tabernakel nader, en veral soos mens die Allerheiligste nader (vgl Lev 1-3)
  - c. Skadu vs ware tabernakel:

	<u>Skadu Tabernakel</u>	<u>Ware Tabernakel</u>
Voorhof	Brandofferaltaar	Jesus aan die kruis vir gelowiges
	Waskom	Gelowiges gewas in Jesus se bloed
Heilige	Lampstaander	Gelowiges wandel in Jesus wat die Lig is
	Tafel met toonbrode	Gelowiges eet die ware brood, wat Jesus is
	Wierookaltaar	Jesus, Heilige Gees bid saam met gelowiges
Allerheiligste	Verbondsark	Jesus is verbondsark. Mag gelowiges inkom?

- d. Wierookaltaar in Allerheiligste? (Heb 9:3-4)
      - i. Wierookbak (sien OAV), of verwysing na nou assosiasie met Allerheiligste

3. Die Verbondsark (Heb 9:4-5, Eks 25:10-22)
  - a. Doringhout kis met goud oorgetrek, bedek met versoendeksel, bloed op die versoendeksel, gerubs op die versoendeksel, verskyning van God se heerlikheid tussen die gerubs (vgl Jes 66:1, Op 4-5)
  - b. Drie items binne verbondsark:
    - i. Kruik met manna (Eks 16, Joh 6:32-35, 40)
    - ii. Aäron se kiere wat gebot het (Num 16, 17)
    - iii. Klippe met God se wet



4. Dienswerk in die Ou Testamentiese tabernakel (Heb 9:6-10)
  - a. Priesters gereelde diens in Heilige, hoëpriester een maal per jaar in Allerheiligste
  - b. Toegang tot Allerheiligste beperk vir priesters – ook vir gelowiges in ware tabernakel, solank skadutabernakel staan (Heb 9:8) – want al die diens in skadutabernakel is bloot uiterlik (Heb 9:9-10)
5. Dienswerk in die ware tabernakel (Heb 9:11-14)
  - a. Gelowiges vorder tot die Heilige in ware tabernakel tydens hierdie lewe
  - b. Gelowiges gaan wel Allerheiligste van ware tabernakel binne wanneer hulle sterf
    - i. Hulle is in Christus, dus in verbondsark
    - ii. Hulle eet van die ware Brood (manna), die Seun is hulle ware Hoëpriester, hulle is onder versoendeksel en bloed wat hulle sondeskuld verwyder, wet is in hulle verstand en op hulle harte
    - iii. Hulle is een met die Seun en die Vader (Joh 17:21-23a)
  - c. Gebed bring ons nou alreeds tot op drumpel van ware tabernakel se Allerheiligste